

## 11.3 RAPPORT DEPUTATE ALGEMENE SINODE – TAAL (Art 15)

A. Ds CA Jansen lewer die Rapport.

### B. RAPPORT

#### 1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 1.1 Die Deputate Nasionale Sinode se opdrag is vervat in Sinode 2006 se Handeling (p842). Hiermee saam het die Deputate ook punte 2.3.2 (p387) en 4.2.1 (389) in berekening gebring – taalkwessies.
- 1.2 Alhoewel taalkwessies nie direkte opdrag (KO, art 49) was nie, het die Deputate geoordeel dat in die beplanning van die Sinode sekere aksies geneem moes word om mee te werk dat die Sinode so vlot doenlik kan verloop.
- 1.3 Die Deputate het die Agenda en Aanvullende Agenda in beide Afrikaans en Engels voorberei. Afgevaardigdes kry elkeen 'n gedrukte kopie in die taal van hulle keuse. Aan die kerke is die Agenda op CD beskikbaar gestel.
- 1.3.1 **Motivering:** besparing van koste.
- 1.4 Die Deputate het 'n woordelys Afrikaans-Engels saamgestel as hulpmiddel in vertaling. Hierdie lys is beskikbaar vir Deputategroepe, Kommissies en die GKSA webwerf.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 2. Sake waarvoor die Sinode besluit

Die Deputate beveel aan:

- 2.1 Die Agenda en Aanvullende Agenda word in die toekoms in Afrikaans en Engels in gedrukte kopie beskikbaar gestel aan afgevaardigdes en op CD aan gemeentes, totdat tyd en omstandighede aanpassings vereis.
- 2.2 Die algemene spreektaal tydens die Sinode is Afrikaans en sal gelyklopend in Engels getolk word (hiervoor is gehoorpunte beskikbaar).
- 2.3 Afgevaardigdes (wanneer dit sy spreekbeurt is) druk hom uit in die taal waarin hy die gemaklikste is en dit word (in die geval van ander inheemse amptelik tale) in Afrikaans en / of Engels getolk.
- 2.4 Alle dokumente, gedruk en op skerm, verskyn in Afrikaans en Engels.

**Besluit: Goedgekeur.**